

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die Ossewabrandwag is die Afrikanerdom se verset teen die Parlementarisme.



Die O.B.



Die Ossewabrandwag is die Afrikaanse beliggaming van die wêreldomwenteling.

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 25 MAART 1942. No. 20.

O.B. Is Afrikanerdom se Verset Teen Die Parlementarisme

Kommandant-Generaal in Kaapland

„Die Ossewabrandwag is geen na-aper van ander dinge nie, maar hy is die verset van die Afrikanerdom teen die parlementarisme. Hy is ook geen party met 'n program van beginsels nie, maar is 'n beweging met 'n siel en 'n rigting wat afstuur op die anti-kapitalistiese Republiek," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voorverlede Saterdag op Stellenbosch voor 'n gehoor van meer as tweeduisend verklaar.

Die ruim saal was veels te klein vir die menigte en talle moes plaas neem op die grond in die gange en in die voorportaal.

Die vergadering is gehou onder beskerming van die O.B.A.N.S.-front onder voorsitterskap van mnr. W. A. Joubert. Die saal was pragtig versier met vlae en vaandels, terwyl die blaasorkes van die Kaapstadse O.B. onder leiding van komdt. Swanepoel sulke verdienstelike musiek gelewer het, dat die Kommandant-generaal sy waardering daarvoor uitgespreek het.

Genl. Henri Slegtkamp het vooraf 'n paar staaltjies uit die Tweede Vryheidsoorlog vertel en o.a. sy diepe afkeur uitgespreek oor Hollanders wat gasvryheid in die land ontvang, maar hul gewig by die vyande van die Afrikanervolk inwerp.

Die Kommandant-generaal het aanvanklik verwys na die kritiek dat die O.B. meer rigting op ideologiese gebied moet gee. Die Ossewabrandwag is in die eerste plaas 'n strydbeweging, en waar die O.B.-leiding in die hitte van die stryd verkeer, is dit moeilik om nog leiding op hierdie gebied ook te gee. Daar is egter ander persone binne die beweging wat leiding gee, en spr. beveel in dié opsig veral die boek aan van dr. H. G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, wat so pas verskyn het.

Spr. het sy blydskap uitgespreek dat daar nog so baie mense in hierdie krisis bereid is om voort te gaan tot die klimaks van die stryd, wat dit ook al mag wees. Die uitslag berus nie by ons nie, maar in Hoër Hand. Nogtans bly ons plig dieselfde, of ons swak is of sterk. Almal voel vandag daar is iets nuuts aan die kom, en spr. het nie die minste twyfel nie dat die nuwe boekdeel in ons geskiedenis die derde Republiek in Suid-Afrika gaan wees en die eerste hoofstuk daarvan sal gaan oor die Ossewabrandwag.

Dr. Van Rensburg het melding gemaak van die speurders wat op die vergadering teenwoordig is, en gesê hy sal hulle op die spoor sit van iets. Dit is teen die noodregulasies om aan die uitslag van die oorlog te twyfel, maar spr. wil hulle verseker dat die Ossewabrandwag nie aan die uitslag twyfel nie. Wie is egter die twyfelaars vandag wat met lang gesigte rondloop, is dit nie Kakieridders nie?

Ons eis van die Regering vrede en staking van die onsinnige oorlog as ook verbreking van die Britse konneksie. Daardie een argument dat Engeland ons moet beskerm, bestaan nie meer nie ná die ondervinding wat klein nasies die afgelope tyd opgedoen het.

Die ou demokratiese stelsel is besig om dwarsdeur die wêreld in duie te stort. Daar is 'n nuwe bedeling aan die kom, en selfs Britse staatsmanne praat al van 'n nuwe wêreld. **Hierdie nuwe wêreldorde het in verskillende lande hom aangepas by die volk van daardie land. Dit het hom in elke land onder 'n besondere simbool geskaar. In Italië was dit onder die fascis, in Duitsland onder die hakekruis en in Suid-Afrika is daardie simbool die ossewa.** (Toej.) Omdat ons nie onsimpatiek staan teenoor die nuwe gedagte in ander lande nie, word gesê dat ons Nazi's is. Die O.B. is egter geen na-aper van ander dinge nie. **Hy is die verset in Suid-Afrika teen die parlementarisme waarvan die wêreld sat en siek is. In ander lande het die parlementarisme reeds verdwyn tot groot heil van daardie volke.** Dit is die uiting van 'n gees wat oor die hele wêreld gaan. Omdat die verset teen die parlementarisme in Suid-Afrika in die Ossewabrandwag beliggaam is, daarom moet hy die vyandskap van alle politieke partye verduur.

Daar word gesê dat die O.B. nou ook 'n politieke party is, het die K.G. voortgegaan. Ons is geen party met 'n program van beginsels nie. Die O.B. is 'n beweging met 'n siel en 'n rigting wat afstuur op 'n anti-kapitalistiese republiek waarin die Afrikaner geëer sal word omdat hy Afrikaner is en nie omdat hy 'n aanhangsel van 'n bankbalans is nie. As ander sê dit is nasionaal-sosialisme, sê ons dit is net Christelike ordentlikheid.

EERS DIE REPUBLIEK

Die Ossewabrandwag en die Stormjaers is die soldate van die republiek. Op 4 September het die Afrikanerdom eensgesind teen die oorlog geprotesteer. Ons is deur 'n klein meerderheid van stemme in die Parlement in die oorlog gestort en onder daardie meerderheid was twaalf Jode en drie Naturelleverteenwoordigers. Suid-Afrika het nou al tweemaal die oorlog verklaar aan 'n bevriende volk wat nog nooit aan ons oorlog verklaar het nie, en nou word die Japanse gevaar voorgehou as rede waarom ons moet veg. **Spr. doen egter aan die hand dat as Japan 'n gevaar is, hy meer notisie sal neem van sy bondgenoot Duitsland as van sy vyande. Te oordeel na die jongste gebeurtenisse in die Ooste lyk dit of hy maar min notisie neem van sy vyande. Enige O.B.-lid sal sy land verdedig teen 'n aanvaller, maar dan moet ons oortuig wees dat dit ons land is wat ons verdedig en nie die Empire se belange nie. Gee ons eers 'n republiek en ons sal weet dat dit ons land is wat ons verdedig,** het dr. Van Rensburg onder luide toejuiging uitgeroep. **Dit is 'n onlogiese stelling om te beweer dat jy vir jou vryheid veg wanneer jy vir jou veroweraar veg.**

Die meeste wat die Empire van ons kon verwag het, was onsydigheid in die stryd. Hulle wou egter nie hê ons moes onsydig wees nie; hulle het ons gedwing om kant te kies, en nou moet hulle nie vir ons kwaad wees daaroor nie. Ons het teen Engeland gekies, en ons kan hul vyandskap verstaan. Maar ons het gewis nie vyandskap verdien waarvandaan dit gekom het nie, het die K.G. gesê met verwysing na die Party se stryd. Op die Paarl het dr. Malan volgens verslag in sy eie pers gesê die Stormjaers krioel van Smuts-spioene, en agter hierdie woorde het gestaan „toejuiging". **So ver het die partypolitiek die Afrikaner al gevoer dat 'n Afrikaanse gehoor juig omdat 'n Afrikaanse organisasie deurtrek is van spioene!**

Adv. C. R. Swart het as bewys dat die O.B. met die Regering skakel, die vraag gestel waarom die Regering nie meer O.B.-lede interneer nie. Sedertdien is meer as vyftienhonedrd lede van die O.B. en die Stormjaers in hegtenis geneem, maar wat dink u van 'n Afrikaner wat eers sy mede-Afrikaner teen die muur laat sit om dan uit te vind dat hy hom verkeerd beskuldig het? het dr. Van Rensburg gevra.

(Vervolg op bls. 2.)

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n Produk van
LEVER BROERS.

O.B. Is Afrikanerdom se Verset Teen Die Parlementarisme

(Vervolg van bls. 1.)

Adv. Eric Louw het as O.B.-lid ook gesweer dat hy sy mede-Afrikaner nie sal uitlewer nie, maar op Douglas sê hy die O.B. moet ophou om drade te knip, m.a.w. hy sê dit is ons wat die misdaad pleeg — 'n misdaad waarop die doodstraf van toepassing is.

Dit is nie die swakheid van hierdie persone nie, dit is die partybelang wat dit van hulle eis, en daarom is ons teen hierdie stelsel gekant, en nie teen daardie mense as persone nie.

DUITSLAND BELEDIG

Die Regering sê vandag die sabotasie word gepleeg deur Duitsland vanuit Lourenco Marques. Spr. weet nie wat so 'n aantyging vir Portugal beteken nie, **maar hierdie beskuldiging teen Duitsland is reeds in November verlede jaar deur dr. Malan teen Duitsland gedoen.** In die hoofbestuursvergadering van Transvaal het dr. Malan gesê Duitsland wil graag 'n opstand in Suid-Afrika sien en dat dit sy spel is om deur 'n hand van vriendskap na Suid-Afrika te steek, soveel moontlik verwarring te skep in Afrikanergeledere. **Hierdie partyleiers maak van almal vyande in die binneland sowel as in die buiteland. Dit is tipies van die partystelsel wat uitgaan van die standpunt dat wie nie vir hulle is nie, teen hulle is, en daarom beveg moet word. 'n Volksbeweging daarenteen is eerder geneig om te sê wie nie teen ons is nie, is vir ons.** Hy beskou mense nie as vyande nie voordat hulle hul nie as vyande openbaar nie. Die Herenigde Partyleiers het die eenheid van die Afrikanerdom na 4 September verbreek deur hierdie beleid van vyandskap. Hulle het eers genl. Hertzog uitgedryf, daarna adv. Pirow met sy mense, toe die Ossewabrandwag en daarna selfs die Duitsers.

In verband met die Van der Walt-verklaring het dr. Van Rensburg die agtergrond van die hele skinderveldtog geteken en gesê dat hierdie verklaring daarby inskakel. Na sy aanstelling as Kommandant-generaal van die beweging het dr. Malan gesê hy self kon nie 'n beter keuse vir die Ossewabrandwag doen nie. Spr. was tot Julie 1941 'n goeie kêrel, maar daarna is 'n georganiseerde lasterveldtog optou gesit en was hy alles wat sleg was totdat 'n nasionale komitee saamgestel moes word. Toe was hy weer goed genoeg om daarin te dien. Hy het egter die vraag aan dr. Malan gestel watter vertroue kan die volk in 'n man soos hy hê wat feitlik as 'n melaatse geskilder is? **Dr. Verwoerd het hierop geantwoord dat dit nie saak maak nie, want die volk vergeet gou!** Kort daarop was spr. weer infaam.

Dit is aan hierdie agtergrond wat die Van der Walt-verklaring skakel. Spr. het na die onsin daarin verwys en uit 'n berig in Die Transvaler van 15 Oktober voorgelees dat die polisie toe al na Leibbrandt gesoek het, hoewel die verklaring lui dat adv. Jerling Leibbrandt se teenwoordigheid in November aan die polisie verraai het. Dit is dus publieke onsin. Nogtans is adv. Jerling op sy eie versoek binne 'n paar uur geskors as gevolg van hierdie bewering en eers later is hy herstel na ondersoek van 'n kommissie. Dit is wat in 'n volksbeweging gebeur. Maar wat gebeur in sulke gevalle in 'n party? Die man wat met die vrymesselaarsbriewe verantwoordelik was dat Afrikanereenheid vernietig is, het daarna promosie gekry. Dr. Van Rensburg het hierop 'n beroep op die volk gedoen om nie geloof aan skinderpraatjies te heg nie. **„Moenie dat daar eendag op die grafsteen van ons volk staan dat hierdie volk het homself doodgeskinder nie — en die gevaar dat hy kan doodraak is groter as wat ons besef."**

Adv. Dönges het op Fauresmith 'n baie openhartige verklaring in verband met die stryd teen

(Vervolg op bls. 3.)

DIE KOPERSBOND BEPERK

GROOTHANDELAARS

£250,000 . . . . . KAPITAAL

Aangesien die eerste £100,000 aan aandelekapitaal waarmee die Maatskappy oorspronklik gestig is, reeds volledig opgeneem is, het die Maatskappy besluit op 'n verdere uitgifte van 30,000 ‚B'-aandele van £5 elk, waarmee die kapitaal nou op 'n kwart-miljoen pond te staan kom.

Aan die publiek word dus andermaal die geleentheid vir 'n gesonde en winsgewende geldbelegging aangebied. Aanduidings is reeds daar dat ook hierdie nuwe uitgifte binne enkele maande volledig opgeneem sal word.

DIE GEWELDIGE GROEI van die Kopersbond Beperk word bewys deur die volgende BELANGWEKKENDE FEITE:

BESIGHEID BEGIN SEPTEMBER 1940 . . . . KAPITAAL £8,000

JUNIE 1941: Verklaar diwidend van 12% op opbetaalde aandele. Ingeskrewe kapitaal staan op . . . £36,860

DESEMBER 1941: Verklaar tussentydse diwidend van 6% op afgelope halfjaar. Ingeskrewe Kapitaal £100,000

FEBRUARIE 1942 . . . . . Kapitaal verhoog na £250,000

Besighede wat by Die Kopersbond, Beperk koop: Desember 1940, 200; Junie 1941, 650; Desember 1941, 850.

Blanke werknemers in diens van Die Kopersbond, Beperk: Junie 1940, drie; Desember 1940, 15; Junie 1941, 40; Desember 1941, 46; Januarie 1942, 107.

Aandeelhouers van Die Kopersbond, Beperk: Junie 1940, 343; Desember 1940, 616; Junie 1941, 735; Desember 1941, 1,119.

BATES VAN DIE KOPERSBOND, BPK.: Junie 1940, £8,000; Desember 1940, £20,000; Junie 1941, £110,000; Desember 1941, £170,000.

DOEN ONMIDDELLIK AANSOEK VIR AANDELE. 25% betaalbaar by aansoek en 'n verdere 25% binne drie maande na toekenning. Die Direksie is nie tans van plan om die oorblywende 50% van die ingeskrewe kapitaal op te roep nie. BY VOL OPBETAALDE AANDELE word tans 'n rente van 6% betaal op die onopgeroepte gedeelte.

Aansoeke aan:

SEKRETARIS Posbus 8363 JOHANNESBURG

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

Raadpleeg Sasbank.

PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan, Stellenbosch.

O.B. Is Afrikanerdom se Verset Teen Die Parlementarisme

(Vervolg van bls. 2.)

die O.B. gedoen. Aan hom is gevra waarom, indien die O.B.-leiding verkeerd is, hy nie liewer help om die leiding te verander nie. **Hierop het hy geantwoord dat al sou die Engel Gabriël uit die hemel kom en leier van die O.B. word, die O.B. nog 'n gevaar vir die party sal wees!** In so 'n geval, het dr. Van Rensburg bygevoeg, sal hulle ook probeer om die O.B. dood te skinder. Die eerste stap sal wees om die vraag te stel: maar waarom moes hierdie Engel dan die hemel verlaat, daar moet 'n rede voor wees? As dit nie oortuigend is nie, sal hulle wel vrymesselaarsbriewe ontdek.

Verwysende na die sabotasiedade het dr. Van Rensburg gesê dat toe twee manne, wat nie lede was van die O.B. of die S.J.'s nie, probeer het om 'n troepetrein vol Afrikanerseuns op te blaas, het daar geen doodstraf-aankondiging op gevolg nie, maar toe die hoogspanningdrade na die goudmyne beskadig is, toe dit die sak van die kapitalis raak, toe is die doodstraf ingevoer. Die tronke sit vandag vol S.J.'s. Hulle is van die beste geselskap in die land, offervaardige jong manne wat vir die republiek wil stry. **Op Vryburg is getoon met watter geesdrif die Afrikanervolk vir ons ideaal beset is. Toe veertien Afrikaners, onder wie 'n O.B.-generaal en hoofkommandant, op 'n Sondagmôre in hegtenis geneem was, het die vroue nie gehuil nie, maar met vlae deur die strate gery en volksliedere gesing. Toe iemand met mev. Dippenaar simpatie wou betuig oor haar man se gevangeskap het sy geantwoord dat sy geen simpatie nodig het, want sy is trots op hom.**

Dr. Van Rensburg het sy beskuldigings in verband met die tronkbehandeling herhaal en gesê hy daag die Regering uit om hom te arresteer omdat hy soiets sê. Dan sal hy bewys bring vir wat hy sê. Hy het die belofte herhaal dat die verantwoordelike Minister met die offisiere en tronkbewaarders dieselfde behandeling sal ondergaan indien daar nie beterskap kom nie.


„In die noorde is daar mense wat hulle eed nog nie verbreek het nie en dit ook nie gaan breek nie. Hulle is bereid om die lydensweg te betree. Hulle gaan die republiek dien buite die tronk, binne die tronk en dwarsdeur die tronk," het die Kommandant-generaal onder luide toejuiging geëindig.

WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

Onoorwinlik!



Standbeeld van Generaal Christiaan de Wet te Hooge Veluwe (Nederland). Beeldhouer: Mendes da Costa

IN DRIE VERPAKKINGS: **Patriot-geel;** ligte mengsel. **Patriot-groen,** donkerpyp, gefermenteerd, ongegeurd. **Patriot-blou,** lig-donker mengsel.

Voorbrand Tabakmaatskappy

(EIEND.) BEPERK

Kommissarisstraat 200 Johannesburg

Groothandelsnavrae:

DIE KOPERSBOND BEPERK, Voortrekkergebou, JOHANNESBURG.

'n Nuwe Afrikaanse Onderneming

'n Gebeurtenis wat elke Afrikaner sal verheug is die oprigting deur die Voorbrand-Tabakmaatskappy (Eiendoms) Bpk. van hul eerste pyptabak- en sigaretfabriek in Kommissarisstraat 200, Johannesburg.

Hierdie maatskappy funksioneer met Afrikaanse kapitaal, staan onder Afrikaanse bestuur en maak gebruik van Afrikaanse arbeid.

Verder word alle verkope buite die Rand (waar die maatskappy self optree) behartig deur Afrikaanse groothandelaars „Die Kopersbond Beperk", van Voortrekkergebou en Posbus 8363, Johannesburg.

Die direkteure is: Dr. A. J. Stals (Voorsitter), vroeër van die Raad van Handel en Nywerheid en ook tans direkteur van Volkskas (Koöp.) Bpk.; dr. N. Diedericks, ere-leier van die R.D.B.; mnr. J. J. Fouche, bestuurder van „Die Kopersbond Beperk" en mnr. B. J. Pienaar, vroeër Handelskommissaris van die Unie in Rome en tans ook Voorsitter van die direksie van „Die Kopersbond Beperk". Die fabriek staan onder die bestuur van mnr. Anton Rupert, M.Sc., voorheen van die R.D.B. en lektor van die Voortrekkeruniversiteit Pretoria.

Die maatskappy het reeds 'n aantal name en ontwerpe vir hul produkte geregistreer waaronder „Patriot", „Landdros", „Brandwag", „Oom Kaspaas", „Voorbrand", „Vuurpyl", „Jan Pierewiet" en „Drostdy".

Die eersteling van die maatskappy het reeds sy verskyning gemaak en dit bly slegs vir die roker om by sy handelaar aan te dring op hierdie puik „Patriot"-tabak. Elke pyproker sal belangstel in die oorsprong van hierdie naam. In 1876 is die „Genootskap van Ware Afrikaners" gestig om die Afrikaanse taal te bevorder. Die mondstuk van hierdie genootskap was „Di Patriot". As gevolg hiervan is voorstanders van hierdie beweging „Paterjotte" genoem en moes hulle veel smaad en hoon verduur. Net soos die name „Geus" en „Hugenoot" wat vroeër as skeldname ons Voorvaders toegevoeg is, het die naam „Patriot" ook later 'n erenaam geword. Ter ere van hierdie stoere Patriotte is die naam aan die eerste produk van die Voorbrand-Tabakmaatskappy (Eiendoms) Beperk gegee.

Die maatskappy is erg daarop gesteld dat sowel die gehalte van die tabakblaar as die gefabriseerde produk van die hoogste gehalte moet wees. Die verwerking van die tabakblaar geskied daarom onder toesig van deskundiges wat minstens 'n kwart-eeu kennis van die bedryf dra en die eerste monsters gestuur aan gesaghebbendes op gebied van tabak, het die gunstigste oordeel uitgelok.

Soos die „Paterjotte" van ouds, deur vasberadenheid en deursettingsvermoë oorwin het, net so sal „Patriot"-tabak deur kwaliteit en vertroue seëvier.

Indien u handelaar nie die tabak in voorraad het nie vra hom om dit te bestel. (Advt.)

DIE O.B., WOENSDAG, 25 MAART 1942.

Verenigde Volksoptrede Al Uitweg

DIE dag toe ons volk deur die Goewerneur-generaal aan die genade van veldmaarskalk Smuts uitgelewer was, het dit vir die Afrikaanse toekoms in ons land begin donker word. Hierdie man, wie se militêre titel — ons kan dit kwalik as 'n rang beskou — net so tekenend is van sy onnasionale neigings as sy onnasionale dade, het 'n lewensbeskouing ontwikkel wat die kleinere nie as 'n selfstandigheid op sigself beskou nie, maar slegs as aanhangsel van die grotere. Vir hom het sy volk geen selfstandige betekenis of bestemming nie, maar moet dit wees die middel tot 'n groter doel — in hierdie geval die Britse Ryk. Al die kragte van sy volk moet toegespits wees en uitloop op hierdie groter geheel. So 'n lewensopvatting stel noodwendig die nasionale belange van 'n volk ondergeskik aan die imperiale belange van 'n vreemde moondheid. Die dag toe hierdie Britse Veldmaarskalk dus die bewind in ons land oorgeneem het, is ons volksbelange in diens gestel van die Britse Ryk, en omdat die Britse Ryk in die oë van ons Eerste Minister meer is as ons eie volk, is ons volk geroepe om sy lewensbestaan desnoods op te offer aan hierdie meerdere, en omdat ons volk per slot van sake tog maar net 'n aanhangsel is van die Britse Ryk, is dit eintlik 'n logiese vereiste dat hy ook saam met die Britse Ryk moet ondergaan.

Dit is dus geen saak van beleid as ons Afrikanerseuns vandag opgeroep word om in die verre noorde hul bloed te tap vir hul veroweraar nie; dit is ook geen saak van beleid as ons volk vandag gepers word om sy sweet te meng in die poging om Brittanje te verlos van die vergeldende gevolge van sy roofsugtige imperiale beleid van eeue nie; dit is ook geen saak van beleid as ons volk vandag deur hongersnood bedreig word omdat die vrug van sy land in die mond van vreemdes gestop moet word nie; dit is ook geen saak van beleid as ons volk sy geldelike vermoë op die altaar van Imeperiale oorwinnings — of nederlae? — moet lê nie, en dit is ook geen saak van beleid as die bestaan van blank Suid-Afrika in die hart getref word deur die bewapening van sy Majesteit se swarte hordes op Afrikaanse bodem nie. **Dit is 'n saak van filosofiese geloof. Vir veldmaarskalk Smuts is dit nie 'n beleidskwessie wat van môre tot oormôre verander kan word nie, vir hom is dit 'n saak van geloof.** En hierdie waarheid maak die toekomslot van ons volk soveel meer huiweringswekkend en die pogings om dit te voorkom soveel meer wanhopig. Iemand wie se optrede deur sy rede beïnvloed word, kan deur sterk argumente oortuig word van die dwaasheid daarvan, maar iemand wat deur sy geloof beïnvloed word, kan deur redelike argumente nie van sy koers beweeg word nie. Hiervan is die geskiedenis getuie, want wetenskaplikes is in die donker eeue deur die brandstapel beweeg om af te sien van hul wetenskaplike stellings, maar geloofsmanne het die vlamme trotseer terwille van hul geloof.

Daarom sê ons die toekoms van ons volk is te meer wanhopig omdat die vernietigingsbeleid van die huidige Regering geen saak van politieke oortuiging is nie, maar van geloof—die holistiese geloof dat Suid-Afrika 'n ondergeskikte deel is van die Britse Ryk en sy laaste en hoogste roeping is om desnoods saam met die Ryk te sterwe waarvan hy 'n deel is.

In die lig hiervan word alle parlementêre debatte en pleitredes niks anders as loskruitskote op 'n slagveld nie. Indien die verenigde nasionale opposisie op 4 September nie in staat was om te belet dat hierdie geloof sy toepassing in die oorlogsverklaring gevind het nie, watter hoop bestaan daar nog vir ons volk dat 'n verdeelde en verswakte opposisie 'n parlementêre oorlogsgroep wie se geledere sedertdien aangegroei het, nou sal dwing om van hul geloofsoortuiging af te sien? Inteendeel, hierdie verspilling van volksenergie in praathuise is daarop aangewys om juis die volk te verlam, en daarvan is veldm. Smuts bewus. **Die Parlement het in die jongste tyd niks anders geword as 'n plek waar stoom afgeblaas word nie.** Nog geen volksraadslid aan Regeringskant is sedert die uitbreek van die oorlog deur die opposisie bekeer nie, nie eers ten opsigte van ondergeskikte beleidskwessies in 'n hoofdelike stemming nie. **Maar wat wel gebeur het, is dat die volk se verset gebloedlaat is deur die welluidende toesprake in die praathuis. Elke keer nadat oortollige stoom afgeblaas was, het die volk maar weer ewe gedwee sy oorlogsverpligtinge wat hom deur die parlementêre diktatuur opgelê is, aanvaar.**

Om dus te meen dat ons die afgrond waarop ons afstuur sal vermy deur parlementêre beroepe op manne wat in hul geloofsblindheid juis 'n lewensroeping sien in die ondergang van Suid-Afrika as offer vir 'n Imperiale Ryk, is 'n dwaling wat oortref word slegs deur die misvatting dat ons ons republikeinse vryheid deur middel van die Britse stembus sal verwerf.

In hierdie oomblik van bedreiging waar 'n tweede Bloukrans in voorbereiding is weens die Regering se beleid om die gekleurde miljoene te bewapen ná ontwapening van die blanke bevolking, is daar net een pad vir ons volk om te loop, en dit is die pad van verenigde volksoptrede. Veldm. Smuts vrees geen verkiesings nie, want by hom rus die mag om 'n verkiesing te hou of nie te hou nie, en die dag wanneer hy 'n verkiesing uitskryf, sal dit die teken wees dat die Empire-groep hom so sterk ingegrawe het dat sy oormag in hierdie land 'n voldonge feit geword het. **Die ramp wat ons in die oë staar, kan alleen vermy word deur die onverset-like wil van die verenigde Afrikanerdom om te lewe — 'n wil wat sonder proksie deurgevoer sal word.**

Laat die Afrikanerdom daarom ontwaak uit sy demokratiese slaap waarin hy droom van parlementêre setels, oorwinnings sonder inspanning en vryheid sonder offers. Laat hom ontwaak tot die grusame werklikheid voor hom, 'n werklikheid wat nie vermy kan word deur debatte oor wie se taak dit is om die republiek te bring nie, maar slegs deur die hoogste gesamentlike kragsinspanning van 'n volk wie se bestaan nie in die weegskaal is nie, maar in die testament van sy oorheersers reeds klaar bestem is vir die grafkelder van Britse Imperialisme.

Alle politieke berigte en kommentaar geskryf deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad.

H.N.P. STOOT ENGELSE IN PLEK VAN AFRIKANERS

VOORVAL IN ALEXANDRIA

Die Herenigde Party neem die O.B. baie kwalik oor sy standpunt in verband met die tussenverkiesings in Riversdal en Vryburg. Die O.B. weier om die twee vyandiggesinde kandidate in daardie kiesafdeling te ondersteun omdat die ondervinding ons geleer het dat sulke mense hul parlementêre gesag misbruik om die O.B. aan te val.

In Alexandria (Port Elizabeth) het egter iets heeltemal anders gebeur. Verlede jaar het die Afrikaners daarin geslaag om sterk verteenwoordiging in die Sigorei-beheerraad te verkry. Vanjaar moes drie lede aftree van wie twee aan die Ossewabrandwag behoort. In plaas dat die H.N.P. sy gewig saam met die ander Afrikaners inwerp om weer Afrikaners verkies te kry, **span hy saam met die Engelse en vorm 'n verkiesingskaart wat bestaan uit twee Engelse en een Herenigde Partyman teen die ander Afrikaners.**

Die gevolg was dan ook dat hierdie Engels-H.N.P.-kombinasie die oorwinning behaal en die twee ou Afrikaner-lede uitgeval het. In hul plek sit nou twee Engelse.

In Port Elizabeth is dit geoorloof dat Nasionaliste daadwerklik saamspan met die Engelse teen mede-Afrikaners, maar in Kuversdal is dit 'n sonde as Afrikaners net buite stemming by.

Onthulling Insake Vrymesselaarsbriewe

K.G. Laak Belediging van Duitsland Deur Dr. Malan

Op Maandag, 16 Maart, het dr. Van Rensburg 'n gehoor van ongeveer twaalfhonderd op Worcester toegespreek onder voorsitterskap van hoofkomdt. A. D. Viljoen. 'n Netjiese erewag was opgestel. Genl. P. R. Retief het in sy welkomswoord o.a. verklaar dat dr. Malan die grootste hulde aan dr. Van Rensburg gebring het, eerstens deur sy verklaring in Januarie 1941 dat hy nie 'n beter leier vir die O.B. kon kies nie, en tweedens deur sy uitnodiging aan dr. Van Rensburg om in die nasionale komitee in sy persoonlike hoedanigheid te dien en nie as verteenwoordiger van die O.B. nie.

Genle. mev. dr. J. S. du Toit, hoof van die Vroue-afdeling van die O.B., het 'n kort boodskap gebring en o.a. beklemtoon dat Kaapland baie sterk uit die stryd gekom het ondanks die feit dat ons hier 'n storm gehad het wat die ander Provinsies nie ondervind het nie.

Hoofkomdt. J. de Vos het 'n kort verklaring van genl. J. A. Smith voorgelees waarin hy sy verklaring op Stellenbosch aanvul ten opsigte van die O.B. se beleid in die tussenverkiesings. **Die algemene beleid soos op Stellenbosch gestel, geld nie vir die twee kiesafdelings Vryburg en Riversdal nie, waar die Party kandidate gestel het wat die O.B. uitermate vyandiggesind is. Hulle sal geen steun van O.B.-kant ontvang nie.**

Dr. Van Rensburg het in verband met die beskuldiging dat ons Nazi's is, gesê dat die Hervorming sy oorsprong ook in Duitsland gehad het. **As die mense in Frankryk toe gesê het hulle wil niks daarmee te doen hê nie omdat dit 'n Duitse produk sou wees, sou daar geen Calvinisme gewees het nie. In Frankryk het die Hervorming egter sy eie karakter gehad, maar dit was dieselfde gees en dieselfde stryd teen die destyds bestaande kerktoestande. So ook vandag. Dis 'n wêreldomwenteling wat in Duitsland begin het, maar in elke land sy eie vorm aanneem.**

Met verwysing na die swakheid van die partystelsel het spr. gesê dat die Nasionale leiers sedert 1918 al 'n beleid van segregasie voorstaan, maar hoewel hulle regeer het, kon hulle dit nie deurvoer nie, want die partystelsel maak dit onmoontlik. So is daar baie ander vraagstukke wat weens die partystelsel nooit opgelos kon word nie. Daarom is die O.B. die verset van die volk teen die parlementêre stelsel.

Met betrekking tot die stryd tussen die Party en die O.B. het spr. verklaar dat die metodes aandui wie reg en verkeerd is. 'n Sterk man gryp nie na enige middel om 'n swakkere te oorwin nie. Dit is net 'n drenkeling wat na elke halm en na elke stuk modder gryp. Die oorlog teen die O.B. is verklaar omdat spr. op Elsburg te kenne gegee het dat die O.B. hom nie inlaat met partygeskille nie maar dat alle goeie Afrikaners by ons ewe welkom is.

VRYMESSELAARSBRIEWE

Dr. Van Rensburg het die onthulling gedoen dat die man wat verklaar het dat hy die Vrymesselaarsbriewe sou gesien het, en op wie se woord genl. Hertzog uitgedryf en die Afrikanereenheid verbreek is, iemand is wat later in 'n gestig vir Sielsiekes opgeneem moes word. Niemand van die Partyleiers wat vir die skinderveldtog verantwoordelik was, het ooit daardie briewe gesien nie.

In verband met dr. Malan se beledigende bewering dat Duitsland graag 'n rebellie in Suid-Afrika wil sien en verwarring in Afrikanerkringe wil skep, het dr. Van Rensburg gesê: **„As Engeland wen, kan ons geen heil verwag nie. Maar as dinge so aangaan, sal ons naderhand ook niks meer van Duitsland kan verwag nie."**

Die Kommandant-generaal het verwys na die onuitroeibare vryheidsgees van die Afrikaner-

(Vervolg op bls. 5.)

Ossewabrandwag Doen Mee Aan Wêreldomwenteling

Genl. J. A. Smith oor Keuse in Stryd Teen Ou Orde van Party-Oorheersing

By geleentheid van die vergadering op Stellenbosch op 14 Maart is die volgende boodskap van genl. J. A. Smith, Assistent-Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag in die Unie, wat weens siekte afwesig was, deur hoofgenl. F. D. du Toit van Zyl voorgelees. Die eerste deel in verband met die Nasionale Pers het in ons vorige uitgawe verskyn:

Die A.K.G. het hom vooraf bepaal by twee punte, nl. die stryd teen die pers en die tussenverkiesings. In verband met die laaste het hy die algemene beleid van die O.B. met die oog op die tussenverkiesings as volg gestel:

Daar vind tussenverkiesings op verskeie plekke plaas. Van kandidate wat van H.N.P.-kant gestel word, word blykens verklarings van die hoofleier gestel met die doel om die O.B. saam met hom te beveg en te vernietig. Dit is presies dieselfde beleid en dieselfde doel wat beoog word deur die Smuts-party. Albei wil die Ossewabrandwag deur die beoogde vernietiging van die Ossewabrandwag magteloos teenoor die liberalisme maak. In die gedrang van hierdie vernietigingstryd kom dus pertinent en vooropgestel die vernietiging van ons republikeinse volksbeweging. Dit is die posisie soos ons dit tans vind.

Die Ossewabrandwag het aan die H.N.P. die versekering gegee, en wil dit hier herhaal, dat sy lede alle kragte sal inwerp aan die kant van kandidate wat nie die O.B. beveg nie. Waar aan hierdie versoek tot samewerking en gesamentlike stryd teen die Empire-party nie voldoen is nie, kan die O.B., nadat sulke vyandiggesinde kandidate tog benoem is, geen aanbevelings doen nie, en moet dit dus aan die individuele kiesers oorlaat om by die uiteindelike stemming te besluit.

(Omdat Die Burger in 'n hoofartikel die volgende dag genl. Smith se verklaring vertolk het as 'n herroeping van die reeds neergelegde beleid ten opsigte van Riversdal en Vryburg, het genl. Smith in 'n aanvullende verklaring beklemtoon dat hierdie algemene beleid nie van toepassing is op Riversdal en Vryburg nie, waar die benoemde kandidate se vyandiggesindheid so goed bekend is en hulle die O.B. op so 'n wyse beveg het dat daar geen sprake van kan wees dat die Ossewabrandwag hulle kan ondersteun nie. Ondersteuning van hulle is 'n ondersteuning van die Smutsbeleid van vernietiging van die Afrikanerdom.)

Die O.B.-leiding wil egter aan die hand doen dat O.B.-kiesers persoonlik sowel as in die openbaar die versekering van kandidate verkry dat hulle deur hul verkiesing die onderlinge volkstryd sal help uitwis en daadwerklik steun verleen aan alle versoeningspogings en herstel van volkseenheid. Waar 'n kandidaat hierdie belofte doen, sal O.B.-kiesers hom heelhartig ondersteun in die stryd teen die Empire-kandidaat.

Tot sover hierdie twee sake.

NUWE TEEN OUE

Geagte Afrikaners, die stryd waarin die Afrikanervolk betrokke is, is een van vrywording of ondergang. Dit is nie alleen 'n binnelandse stryd nie, maar ook 'n buitelandse. Die welslae hiervan hang net so nou saam met die ontwikkelinge in die buiteland as in die binneland. U staan nie alleen in die stryd gewikkel teenoor die regerende Party in ons land nie, maar ook teenoor die Empire-idee, teenoor die liberalistiese demokratiese lande buite Suid-Afrika. U staan in die stryd gewikkel van die ou wêreldorde van oorheersing deur verbrokkeling en verlamming van alle nasionale aspirasies. Ja, u staan in die doodstryd gewikkel vir die nuwe wêreldorde waarin u lewensruimte soek vir die Afrikanerdom en vir die Afrikanerjeug.

Die wêreld het in die afgelope eeue gebuk gegaan onder 'n dwingelandy met die skyn van vryheid, individueel en nasionaal. Die vrugte van hierdie ou wêreldorde pluk u vandag in die verdeeldheid en verwarring. U lê offers op die altare van vreemde nasies. U voer uit die wil van bewindvoerders oor see en ander lande met wie u geen kulturele bande het nie. U land word vandag gemaak tot die slagveld van nasies wat u nie geken het nie. U seuns en u goed word geoffer in die stryd teen 'n wêreldhervorming. **Die Ossewabrandwag is die ontwaakte Afrikanerdom wat in daad wil meedoen aan die wêreldomwenteling.** Die Ossewabrandwag is 'n volksbeweging wat alle Afrikanerkragte wil saamsnoer in die groot stryd vir 'n geestelike en staatkundige vrywording van ook die Afrikanerdom.

Hierdie stryd het nou 'n nuwe fase ingetree en die wekroep is nou om definitief te kies teen die ou orde van party-oorheersing, uitbuiting deur die geldmagte, bewerkstelliging van onderlinge groepstwiste en volksverbrokkeling. Aan die een kant sien u tot watter lae peil die politieke lewe onder die partyparlementêre stelsel kan daal, hoe die sedelike welsyn van 'n volk, hoe sy karakter ondermyn en besoedel kan word, hoe die welmenendheid en eerbaarheid van medevolksgenote verkrag en uitgebuit kan word. U sien hoe die beloning nie meer op deug, eerbaarheid en trou berus nie, maar in die verneder ing en besoedeling van die naam van ander. U sien hoe daar in die partystryd heengestap word oor alles wat eerbaar is, hoe volksede verbreek word, hoe waarheid en reg onder die voete vertrap en deug en oorwinning gesoek word in die beswaddering van mede-Afrikaners. U sien ook hoe eie-belang met die steun van geld bo volksbelang gestel word.

Die eerste fase van die stryd wat ons nou intree, is van 'n etiese aard. Dit is vir u om nou te kies tussen eerbaarheid, eerlikheid en skone volkskarakter aan die een kant, oneerbaarheid, oneerlikheid en besoedelde volkskarakter aan die ander kant.

WAARVOOR ONS VEG

Die Ossewabrandwag veg vir 'n nuwe volkseenheid-staat, gegrondves op die nasionaal-christelike idee; vir 'n staat wat vry sal wees van party-oorwegings en -vooroordele; 'n staat wat geen partystelsel sal erken nie, maar alleen die volkswil en die volksideale; 'n staat waarin die geldmag as heersende euwel aan bande gelê en gedwing sal word tot nasiediens; 'n staat waarin elke man en vrou sy regmatige lewensaandeel sal hê; 'n staat waarin die vryheid van godsdiens aanvaar word en die godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikanerdom teen ondermynende praktyke beskerm word; waarin daar doeltreffende beheer oor die pers, die radio, die rolprent en die vermaaklikheidsbedryf uitgeoefen sal word met die oog op die opbouing van 'n gesonde en skeppende volksgees; 'n staat waarin die arbeidskrag van die volk versterk en beskerm sal word teen kapitalistiese uitbuiting; waarin privaat inisiatief binne volksverband en in die volksbelang aangewakker en beskerm sal word teen die georganiseerde geldmag; waarin 'n gesonde gesinslewe as die grondslag van die hele volksbestaan opgebou en aangemoedig sal word tot welsyn van volk en vaderland.

Dit is in hierdie stryd dat ons 'n oproep doen tot die jeug van Suid-Afrika om hul deel in woord en daad by te dra tot die sukses van die omwenteling in die volksgees sowel as in die staat en die wêreld. Suid-Afrika roep u, studente; u voorgeslag roep u. Wees standvastig en sterk in die stryd.

Om u die geleentheid te gee om daadwerklik deel te neem in hierdie revolusie teen die ou orde, bied die Ossewabrandwag u aan 'n plek in sy geledere, want hy het nodig elke krag. Daarom is daar in die gewysigde konstitusie van die O.B. voorsiening gemaak vir die inskakeling van alle beskikbare kragte en word daar ten opsigte van die volksbeleid en volksaksie voorsiening gemaak in die verskillende afdelings verbonde aan die sentrale gesag van die Ossewabrandwag. Daarom is daar deur die offisierslaer besluit tot die uitbouing van die Ossewabrandwag tot 'n omvattende Afrikaanse volksbeweging wat meer as 'n party sal wees en wat leiding in die omwenteling moet gee en uitloop op 'n nuwe organiese solidarisme. Hierdeur dek hierdie volksbeweging die breëre terreine van die volkslewe en -strewe. Die ondervertakkings van hierdie breëre organisasie onder leiding van deskundiges word eersdaags aangekondig, en u sal die geleentheid hê om ook daarin u geestelike krag aan die volksbelang te wy net soos u dit nou doen in u kommando-indelings.

U leuse moet wees: DIENS EN PLIG VIR GOD, VOLK EN VADERLAND.

VOORBEELD VAN DISSIPLINE EN OFFERVAARDIGHEID

Dapper Optrede van Jong Man

'n Mooi voorbeeld van die gees wat by jong brandwagte aanwesig is, straal uit 'n voorval onlangs in die Vrystaat. 'n Jong man wat 9s. 6d. per dag verdien, het £20 gespaar deur geen vermaaklikhede by te woon, geen meisies uit te neem en geen rookgoed te koop nie. Met hierdie geld het hy 'n motorfiets gekoop wat hy hoofsaaklik in diens van die Ossewabrandwag gebruik. Onderwyl hy onderweg was om 'n dringende boodskap af te lewer, het hy 'n ongeluk gekry as gevolg waarvan die boonste litte van een hand se vingers vergruis en sy been ernstig beseer is. Hy was toe nog anderhalf myl van sy bestemming af. Uit vrees dat hy na die hospitaal geneem sou word voordat hy sy boodskap kon aflewer, het hy nie hulp gaan soek nie, maar aangestrompel na sy bestemming waar hy eers sy opdrag volbring het. Eers daarna was hy bereid om behandeling te ondergaan.

ONTHULLING INSAKE VRYMESSELAARSBRIEWE

(Vervolg van bls. 4.)

volk en as voorbeeld genoem die moeder van genl. Japie van der Merwe, van die Vrystaat. Sy is 78 jaar oud en bly by haar seun wat sy baie lief het. **Toe sy die boodskap ontvang dat hy in hegtenis geneem is, het sy gesê: „Ek dank die Here dat ek lank genoeg gelewe het om ook nog hierdie offer te bring."**

Die fonds vir geïnterneerdes se afhanklikes is geen kollekte nie, het die K.G. gesê, dit is 'n heffing en elkeen moet bydra. „Ek ken daardie manne wat agter die tralies sit; hulle is werd om voor op te offer." Binne die eerste veertien dae is £1,400 aan noodleniging deur die O.B. bestee.

Genl. M. F. Smith het die sprekers bedank.

Mnr. De Larouviere en mej. Susan Hugo het 'n tweesang gelewer, terwyl drie dogters Du Toit „Land van ons Vaders" gesing het. Die verrigtinge is met gebed geopen deur mnr. Japie Hugo.

DIT IS BY ONS WAT ALLES GOEDKOPER IS

Ons het 'n Afdeling wat Spesiaal aandag gee aan Posbestellings. Koop by ONS per Pos en Bespaar Geld.

Mans,- Dames- en Kinder-Uitrusters en Kruideniers.

SONOP (Koöp.) Bpk., Maitlandstr., BLOEMFONTEIN

Schoemannello-Drank

is

DIE SUIWERSTE EN BESTE.

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn ..	5/-	5/-	—
Lewenswyn ..	3/6	3/6	—
Vermouth ..	2/6	2/6	—
Hanekraai (Cocktail) ..	3/6	3/-	—
Likeurwyn ..	2/-	1/8	—
Jeropiko (Rooi)	1/2	1/-	5/6
(Wit)	1/2	1/-	5/6
Soet Muskadel ..	1/-	11d.	5/-
Port	1/1	11d.	5/-
Worcester Hock	1/-	10d.	4/6
Pontak	1/-	10d.	4/6
Spesiale Sjerrie	10d.	9d.	4/-
Sjerrie	9d.	8d.	3/6
BRANDEWYNE:			
Schoemannello ..	5/9	5/-	26/6
Brandewyn Ekstra Spes.)	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	23/-
JENEWER ..	5/-	5/-	—
LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Gemmer-Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Lemoen-Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	23/-
Van der Hum	5/-	4/3	23/-
JENEWER-LIKEURS:			
Lemoen-Jenewer	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenewer	6/-	5/-	—

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na syiyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

EGTE BOKMIS

van

BOSSIEVELD, KAROO.

Die mis is fyn gemaal teen 27/- per ton van twaalf sakke, op u Stasie gelewer.

KMB of KBA

Die mis is **absoluut suiwer**, van groot uitgesoekte mishope.

TEVREDENHEID GEWAARBORG.

Monsters op Aanvraag.

B. J. ROODE,

Posbus 15, KLIPPLAAT.

Bloemfontein se O.B.-Vroue Sorg Vir Gevangenes In Die Tronk

Lofwaardige Diens Deur Owerheid Belet

Ook in Bloemfontein het die Empire-tronk weer die bewaarplaas van die beste van ons volk geword omdat hulle hul plig teenoor hul eie volk nagekom het.

Om die manne die beste versorging met etes te verskaf, het die Bloemfonteinse O.B.-vroue-kommando's dadelik handelend opgetree en 'n vaste organisasie vir die doel opgerig uit O.B.-geledere. Die Bloemfontein-gemeentes, onder voorsitterskap van mev. ds. C. R. Kotzé, wou ook in dié verband hand by sit, maar het nie kans gesien om met die O.B. as sodanig saam te werk nie en op 'n goed verteenwoordigende vergadering van gemeente-susters, is 'n sterk meerderheidsbesluit geneem dat die werk sal voortgaan, en deur die O.B.-dames in organisasie behartig sal word. Hierdie werk het dan ook goed gevlot.

Dit het so goed gegaan dat die bevelvoerende kommandante, mev. Helena J. van der Merwe, in haar bevindings meegedeel het dat die O.B. nog nooit mooier, hartliker en beter gepresteer het nie as juis nou in sy uur van opoffering. Dit was, sê sy, altyd 'n voorreg en 'n plesier om 'n O.B.-lid te wees, maar nou is dit groots, want nou ondervind sy die beste in haar medemens as Afrikaner wat dit opreg vir en met sy volk meen.

Die O.B.-lede van Bloemfontein en sy distrik het sonder oproep deur 'n koerant gepresteer soos nog nooit tevore nie. Vleis, geslagte skape, hoenders, botter, groente, beskuit, koek, brood, vrugte, konfyt, heuning, kruideniersware, melk, rookgoed, ens., ens. het in genoegsame hoeveelhede ingekom. Ook is van ander dorpe ware ontvang. Ons dank ook aan die goeie Brandfort-vriende wat ons twee keer met pakkies verbly het.

Aan die gevangenes is drie etes per dag verskaf; een warm middagete en toebroodjies met koue vleis of eiers vir die aand, en beskuit vir die oggend.

Die O.B.-vroue van Bloemfontein was maar te gretig om 'n beurt te kry om vir „ons mense" in die tronk te kook. **Reëlings in dié verband is vir tien weke vooruit gereed gewees, met vier kooksters vir elke week aangestel, toe eensklaps, Saterdag, 7 Maart, ons deur die tronkowerheid gevra is om weens instruksies van Pretoria nie meer vir „ons mense" te sorg nie.** Dit was 'n hewige skok. Vroue het in teleurstelling gehuil, ander weer was verbitterd, maar nietemin voel ons dankbaar dat ons kon sorg en goed gesorg het solank as ons kon.

Aan al daardie flukse goedgesinde vroue wil die kommandante haar innige dank betuig. Sy waardeer dit, en sy is seker dat „ons mense" in die tronk dit nog meer waardeer het, en ewewel geniet het. Aan al die goeie gewers ons innigste dank. Die dames wat vir die wasgoed verantwoordelik was, verdien 'n spesiale woordjie van dank. Aan die goeie en beslissende steun wat ons van ons A.K.G. en kantoorpersoneel ontvang het, alle dank.

Ten slotte wens die Kommandante en haar ywerige medewerksters almal te bedank wat hulle met soveel simpatie en aanmoediging bejeën het. In die drukste tye van hul werksaamhede was 'n vriendelike woordjie of gebaar soms meer werd as 'n besending groente of ware.

In u Eie Belang - - - - !

TEKEN DADELIK IN OP

Die Vaderland

Dis in u eie belang om onmiddellik te verseker dat u deur u blad in voeling bly met lands- en wereldgebeure. Weens die papierskaarste kan alleen 'n beperkte oplaag van „Die Vaderland" gedruk word. Teken dus dadelik in.

Tarief:

	3 maande	6 maande	12 maande
DAGBLAD	13/-	£1-6-0	£2-12-0
HALFWEEKLIKS ...	7/6	15/-	£1-10-0

Die Brandwag

'N WEEKBLAD VIR OUD EN JONK

Intekentarief: Jaarliks ... ... 12/6 Halfjaarliks ... 6/3

Gerieflikheidshalwe kan u intekenings gestuur word aan:

KAMER 23, FICHARDTSGEBOU, MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

of C. F. PRELLER, BOSTONHUIS 135, STRANDSTRAAT, KAAPSTAD.

of direk aan:

Die Afrikaanse Pers, Beperk,

Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.

HOE NOODHULPFONDS BESTEE IS

DÉPÔT INGERIG VIR PLAASPRODUKTE

Die volgende verslag oor die besteding van die O.B.-Noodhulpfonds is ons deur die betrokke komitee ter hand gestel. Daaruit blyk dat die fonds op 12 Maart reeds £3,627 beloop het:

1. Vanaf 29 Januarie tot 12 Maart is 109 huisgesinne tweemaal gehelp. Bedrag uitbetaal, £1,854-1-0.

2. Vanaf 29 Januarie tot 28 Februarie is 70 huisgesinne eenmaal gehelp. Bedrag uitbetaal, £578-16-0.

3. Vanaf 1 Maart tot 12 Maart is 47 huisgesinne vir die eerste maal gehelp. Bedrag uitbetaal, £364-10-0.

4 Gedurende die periode 29 Januarie tot 12 Maart is 13 huisgesinne gehelp, gevalle wat vroeër deur die Boerevolk-Noodhulpfonds behandel is. Bedrag uitbetaal, £121-10-0.

5. **Die totale bedrag wat die Johannesburgse kantoor van die Noodhulpfonds dus op datum, 12 Maart, uitbetaal het, is £2,918-17-0.**

6. Die totale bedrag tot op 12 Maart by die Johannesburgse kantoor gestort is £2,840-0-0 — hiervan is £452-0-0 intussen deur die Kaaplandse Beheerraad bygedra uit 'n bedrag van £1,239-11-7½ wat tot op 11 Maart 1942 in Kaapstad in ontvangs geneem is. Dit beteken 'n totaal van £3,627.

7. Twaalf huisgesinne van wie die broodwinners nou terug en in hul werk herstel is of nuwe werkkringe gevind het, word nou nie meer gehelp nie en verval hierdie aansoeke dus.

8. **Tweehonderd-ses-en-twintig huisgesinne word op die oomblik nog deur die Fonds versorg. Nuwe aansoeke vir hulp stroom nog daagliks in.**

9. Mediese dienste word op die Sentrale Rand in die meeste gevalle gratis deur 'n bevriende medikus verskaf.

10. Twee prokureursfirma's is aktief behulpsaam met reëlings in verband met die betaling van assuransiepremies, huispaaiemente, ens.

11. Die Komitee het besluit om 'n dépôt in te rig vir die ontvangs en distribusie van plaasprodukte.

12. Die hulpverlening geskied op so 'n wyse dat niemand dit as 'n liefdadigheidsdiens aanvoel nie, maar as die nakoming van 'n Volksplig opneem. Die beleid van die Komitee is om die selfstandigheidsgevoel van almal wat gehelp word te versterk en te bevorder.

VERKLEINERENDE BERIGTE

Die Adjudant van die O.B.-Manskommando van Porterville skryf dat hy beslis die inhoud van 'n berig ontken wat onlangs in Die Burger verskyn het omtrent die Ossewabrandwag. Die berig as sou daar by die funksie op Majubadag net 70 lede aanwesig gewees het, en dat die O.B. op Porterville aan doodgaan is, is louter onsin. Daardie aand was daar byna 70 vroue en dogters alleen in gelid opgestel op die voetbalveld, en op 'n paar na net soveel mans en seuns, terwyl daar sowat 'n 30-tal motors om die veld gestaan het wat almal vol mense was.

(Dit wil voorkom of Die Burger graag van Engeland en Rusland se propaganda iets geleer het, naamlik om hul teenstanders op papier te verslaan. Deur verkleinerende berigte te plaas van 'n volksherdenkings- en vryheidsfees onder beskerming van die Ossewabrandwag, verkleineer hulle egter nie die O.B. nie, maar hul eie volk wat, volgens hierdie soort berigte, nie eens meer in staat is om oor onderlinge geskille heen die oë te vestig op grootse oorwinnings in die verlede nie. Terwille van politieke gewin moet ons volk tot skande gemaak word in die oë van ons vyande selfs waar dit ons volksfeeste betref.

So ook by voorbeeld het Die Burger gemeld dat net 500 mense op Bellville aan die viering deelgeneem het. Inderdaad was daar meer as tweeduisend mense teenwoordig, en die Penkoppe alleen, wat net twee rye volgestaan het, het meer as tweehonderd getel.—Red. Die O.B.)

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.
Beste Heersende Pryse.
MINNAAR & VAN SCHOOR.
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne gerieve
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY
Ons is Agente vir:
HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.
Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!
Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!
Foon 38764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

VOLKSKAS
IS U EIE

BANK!
Fondse oorskry £1,500,000.
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD
Kotze
DIE AFRIKAANSE KLEERMAKER REED SUID-AFRIKA
Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen
Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.
Fabrikante van . . .
Kelder en Besproeiings Masjienerie,
Sleepwaens,
Boerewaens, Ens., Ens.
Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

	£	s.	d.
Reeds erken	1,940	18	8½
Vriend, Kaapstad	2	0	0
A. L. Auret, McGregor	0	10	0
Lys 410, Humansdorp	7	0	0
Lys 557, Kaapstad	1	0	0
Mev. Genl. E. du Toit	5	0	0
Lys 417, Upington Vroue-Kommando	5	5	0
Vryheidsdag-Kollekte, Queenstown, Manne- en Vroue-Kommando's	9	8	3
Lys 203, Rawsonville Vroue-Komm.	1	16	9
Vryheidsdag-Kollekte, Kirkwood	6	6	0
Vryheidsdag-Koll., Ladismith-Komm.	11	14	8
Vryheidsdag-Kollekte, Indwe	2	17	0
Manne -en Vroue-Komm., Montagu	10	0	0
Kollekte Vergadering, Worcester	16	0	0
J. Anthonie Smith, Jnr., Kaapstad	5	0	0
Kollekte Vergadering Stellenbosch	44	2	0
Lys 390, Strandveld-Kommando	4	0	0
Totaal	£2,072	18	4½

Noodhulpfonds O.V.S.

tot 10/3/42.

	£	s.	d.
Baie goeie vriend, Bloemfontein	101	0	0
Kimberley Generaalskap	64	0	0
Stella Generaalskap	50	0	0
Paul Roux Generaalskap	40	18	10
J. G. v. d. Merwe, Heilbron	30	0	0
Bloemfontein Generaalskap	28	8	3
Kroonstad Kommando	25	0	0
Philippolis Generaalskap	25	0	0
Petrus Steyn Kommando	23	12	6
Vriende,, Bloemfontein	21	8	0
Excelsior Kommando	20	0	0
Winburg Kommando	15	0	0
Koppies Generaalskap	13	0	0
Genl. C. L. de Jager, Bloemfontein O.B.-kantoor	12	10	0
Parys Kommando	12	0	0
Warrenton Kommando	12	0	0
Verkoop van N.H. Plakkate	10	2	3
Fauresmith Kommando	10	0	0
Dr. Van Hoepen, Nas. Museum Bftn.	10	0	0
Genl. J. F. v. d. Merwe, Paul Roux	8	0	0
Vriende, Bloemfontein	6	0	4
Bethlehem Kommando	6	0	0
Verkoop van N.H. Plakkate	5	15	0
Mev. L. v. d. Merwe, 1ste Laan 33. Bloemfontein	6	10	9
J. W. Meyer, Roodewal, Koppies	5	0	0
C. Wessels, Vrede	5	0	0
Mev. Tomlinson, Vredefort	5	0	0
Mnr. Jersich, Warden	5	0	0
Mnr. Marais, Vrede	5	0	0
Mev. De Jager	5	0	0
Mev. Du Plessis	5	0	0
W. Lourens, Reitz	5	0	0
J. A. Odendaal	5	0	0
J. Taljaard, Reitz	5	0	0
Genl. Bredenkamp, Bultfontein	5	0	0
Genl. A. F. Schmidt, Bloemfontein	5	0	0
Mnr. J. C. Smith, Wepener	3	2	0
Mnr. M. P. v. Rooyen de Jager, Bloemfontein-kantoor	2	0	0
Thaba 'Nchu Kommando	1	11	0
F. J. Kruger, Smaldeel, Cornelia	1	10	6
Mnr. G. van Zyl, Theunissen	3	0	0
Mev. E. S. Hugo, Theunissen	3	0	0
Mev. G. J. van Wyk, Theunissen	1	0	0
F. J. Visser, Warden	1	0	0
Van Zyl, Zastron	1	0	0
H. Lubbe, Thaba 'Nchu	1	0	0
Fourie Thaba 'Nchu	1	0	0
P. van Tonder, Thaba 'Nchu	1	0	0
J. J. Swanepoel, Daspoort, P.K. Nevada	1	0	0
N. J. van Rensburg, Rouxville	1	0	0
W. Pretorius, Hoëveld Boerdery, Bloemfontein	1	0	0
Dr. Havenga, Bloemfontein	1	0	0
Dr. Stegmann	1	0	0
Ds. en mev. P. Boshoff, Bloemftn.	1	0	0
Mej. De Beer en Suster, Bloemftn.	1	0	0
Mev. C. G. van Zyl, Theunissen	0	10	0
J. F. du Plessis, Rouxville	0	10	0
C. V. Smith, Wepener	0	10	0
C. W. Smith, Van Stadensrust	0	10	0
F. Smith, Rouxville	0	10	0
P. Henning, Zastron	0	10	0
T. Straus, Wepener	0	10	0
N. J. Kotzee, Victoriaweg 70a, Bftn.	0	10	0
Mev. B. Venter, Bainsvlei	0	10	0
L. C. Fourie, Fairview, Lynchfield	0	10	0
Vriend	0	7	6
Prof. A. P. Malan, Bloemfontein	0	6	6
Vriend	0	7	0
Mev. A. C. E. Vermaak, Theunissen	0	5	0
Mnr. Matth. H. W. Human, Brakspruit, Theunissen	0	5	0
J. Strauss, Wepener	0	5	0
D. J. Pretorius, Leshe, P.K. Waterbron	0	5	0
Mev. M. Liebenberg, Southern Life Geboue, Bloemfontein	0	5	0
Vriend	0	5	0

Vanaf 10/3/42—12/3/42.

Reitz Kommando	15	10	0
Fouriesburg Kommando	53	18	0
Heilbron Kommando	5	0	0
Kroonstad Kommando	25	0	0
Verkoop van N.H. Plakkate	2	11	3
Kimberley Generaalskap	100	0	0
Bethlehem Kommando	75	0	0
Mnr. L. J. Nel en familie, Bothashoek, P. K. Kaallaagte	12	0	0
Mnr. Dawie du Plessis en familie, Nooitgedacht, P.K. Kaallaagte	12	0	0
Totaal	£951	19	8

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Beliville. Foon 97814.
V I R
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

Algemene Handelaars
FOON 5-4294
J. J. DE GOEDE,
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Onder steun 'n Afrikaner.

AFRIKANER-KLEREMAKER!
Foon 5-1486
Vir u volgende Pak — Billike Pryse
Werk Gewaarborg — Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 **BLOEMFONTEIN** Opgerig 1848

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.
Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome** en keurige **Rose.** Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geïllustreerde Plantgids gratis.

DIE VOORTREKKERWINKEL
Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.
Voorsien u van alle
KRUIDENIERSWARE
VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

KENNISGEWING

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die betrekking vir 'n PLAAS-BESTUURDER vir 'n plaas (naby Kaapstad), soos geadverteer in Die O.B. van 18 Maart,, reeds gevul is. Dank aan alle applikante.

GEMAALDE KRAALMIS
VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies teen 25/- per 11 sak ton, 10 ton en meer 24/- K.M.B., van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD
Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

STEMPELS
Rubber Stempels vir O.B.-Kommando's met die O.B.-Wapen daarop.
17/6 Posvry.
TAFELBERG INDUSTRIEË,
Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

Aan Mnr. en Mev. J. C. FICK (Voortrekkerwinkel) 'n fris seun, op 9 Maart 1942. Albei wel. — Naas die Heer ons hartlike dank aan die Verpleegster.

Sarel Cilliersstraat 25, Parow.

IN MEMORIAM

SIEBERHAGEN.—Nog dink ons aan die dag van 23 Maart 1941, toe van ons weggeneem is ons dierbare moeder.

Ons bemin u so teer,
Maar Jesus min u meer,
Nou u weg is, en God alleen
Sien al die trane wat ons ween.

REGGIE en MOSSIE.

BENODIG

FLINKE MEISIE as kok. Salaris £2 10s. per maand en vry inwoning. Ook 'n flinke meisie vir binnewerk. Salaris £2 per maand en vry inwoning.
Rig applikasies aan:—
A.B.N.,
p/a Posbus 28,
STELLENBOSCH.

BENODIG

JONK, sterk, gesonde en vooruitstrewende O.B.-lid (ongetroud) om met algemene boerdery behulpsaam te wees. Meld salaris of vee verlang. Vry inwoning. Wat vee aanhou kry voorkeur. Getuigskrif van Kommandant verlang. Doen aansoek by:
D. C. ODENDAAL,
Driedeel, P.K. Verrekykerskop,
Oor HARRISMITH, O.V.S.

GEVRA

ONDERWYSERES.—Onderwyseres om vir 'n dogtertjie, wat nou net begin, onderwys te gee volgens Goewerments-stelsel. Moet lid wees van die Ned. Geref. Kerk. Salaris £6 per kwartaal met vrye inwoning. O.B.-gesindheid en vorige ondervinding 'n aanbeveling. Skryf aan:
P. A. STEENKAMP, Kransfontein, VOSBURG.

BOME

GEOKKULEERDE Pekaanneutbome, Tung, Vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-etabliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
RUDMANSE EDENDALE KWEKERY,
EDENDALE — NATAL.

UIESAAD

RONDE Harde Geel Uie, 7/- per lb. posvry, K.B.A. Bestel onmiddellik. Voorrade Beperk.
P. J. du TOIT — Drostdy — TULBAGH.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.